# Steinhoff: Nog R1 mjd. vir adviseurs, regskoste

Die ontrafeling van sy ingewikkelde sake en die advies en regskoste om die groep te stabiliseer en te herstruktureer, het Steinhoff die afgelope boekjaar nog R1 miljard uit die sak gejaag.

Die €58 miljoen wat bestee is, is weliswaar drasties minder as die €158 miljard (R2,9 miljard in vandag se wisselkoers) in die 2019-boekjaar.

Sedert einde 2017 beloop dié koste al meer as €333 miljoen (amper R6 miljard).

Dit is ’n derde van die €943 miljoen wat die groep beoog om vir ’n skikking te betaal met aandeelhouers wat eise teen hom ingestel het.

Steinhoff sê as gevolg van die gebeure in Desember 2017 (toe aangekondig is sy geouditeerde jaarstate kan nie uitgereik word nie weens ongerymdhede met sy boeke wat verder ondersoek moet word) is ’n “wye verskeidenheid professionele adviseurs betrek om hom te help met sy ondersoeke en om adviese te gee oor regs-, finansiële en regulatoriese sake terwyl die groep gestabiliseer en geherstruktureer word.

“Die omvang en kompleksiteit van hierdie taak beteken dat die totale koste van adviseurs, hoewel dit minder as die vorige jaar is, weereens beduidend is.”

Die vernaamste adviesdienste waarvoor betaal is, sluit in vir regsadviseurs in verskillende jurisdiksies insluitende Suid-Afrika, Brittanje, Nederland, Oostenryk en Duitsland; finansiële en korporatiewe adviseurs wat die groep help met die samesprekings met sy skuldeisers; forensiese ondersoekers; en adviseurs oor regulatoriese en belastingkwessies.

As deel van die herstruktureringsproses word daar ook van die groep vereis om die adviseurspanne van elke groep krediteure te betaal, insluitende hul regskoste, finansiële adviseurs en regulatoriese en belastingadviseurs.

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/steinhoff-nog-r1-mjd-vir-adviseurs-regskoste-20210302

